

20 Augustus - ONREIN

Skrifgedeelte: Jesaja 6:1-8
Fokusgedeelte: Jesaja 6: 5-8 (OAV)

Onrein is voor God onbevoeg. Dit is 'n toestand wat gemeenskap met God onmoontlik maak. God is heilig, en wie die taak het om in God se diens te staan, kan nie onrein wees nie.

In die heiligheid van God het Jesaja eerstens besef dat hy onrein van lippe is en daarom verlore. Teenoor die magtige heiligheid van God kon Jesaja sy eie onreinheid nie wegsteek nie.

Dit is altyd 'n teken van 'n ware ontmoeting met God: dat jy voor sy heiligheid as nietige mensie jou werklike sonde duidelik raaksien.

Christus het gesê dat dit nie is wat by jou mond ingaan nie, maar wat daar uitgaan wat jou onrein maak. Ons word hier geroep om die woorde uit ons mond deeglik te ondersoek. Met dieselfde mond eer ons God en vloek ons ons naaste. Dit behoort nie so te wees nie.

Jesaja word egter deur God in sy heiligheid weer gereinig en opgerig. Die altaar vanwaar die serafs die gloeiende kool geneem het, was die plek waar daar in die Ou Testament simbolies geoffer en betaal is met die bloed van diere vir die sondes, totdat Jesus met sy bloed aan die kruis die volle rekening vereffen het.

Die apostel Johannes meld in Johannes 12:41 dat Jesaja hier die magtige teenwoordigheid van die Here Jesus Christus raakgesien het. Hy het gekom as vlekkelose (rein) Lam van God om vir sondaars wat deur hulle sonde onrein is, versoening te doen. Hy kon uitroep: Hier is Ek, stuur My! Hy het die wil van die Hemelse Vader enduit gehoorsaam en volkome reg laat geskied aan God se heiligheid.

Deur Christus se soenverdienste word ons verlos van al ons sondes en deur die werking van die Heilige Gees gereinig en vernuwe om waarlik sy gestuurdes in hierdie wêreld te wees.

Hoor u die HERE se vraag: Wie gaan ek stuur om in hierdie wêreld te getuig van my heiligheid?

Kan u soos Jesaja sê: Hier is ek, Here, stuur my, gebruik my?

Sing: Psalm 18:1, 12 (1936-beryming)

Ds SA Cilliers (Waterberg)